



# BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

SEPTEMBER 2014 Nr 51

## IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

### "Glokalisering" – *Think Global, act local*

Alhoewel hierdie term soms deur ekonome gebruik word, het die sosioloog, Roland Robertson dit gepopulariseer. Dit beteken om internasionale en plaaslike tendense tegelyk te verreken. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die uitbreiding van *McDonalds* regoor die wêreld. Getrou aan hulle eie oogmerke en met 'n vaste verbintenis aan hulle internasionale handelsmerk, skroom hulle nie om plaaslike voorkeure in berekening te bring wanneer hulle spyskaart saamstel nie.

Waar globalisering op die algemene aanvaarding van idees en gebruik van produkte regdeur die wêreld dui, is lokalisering die eie en unieke aard daarvan op 'n spesifieke plek. Hierdie terme het natuurlik wye verklaringsmoontlikhede, maar ek volstaan met bogenoemde.

'n Manier om *glokalisering* te verstaan, is 'n praktiese beskrywing wat deur maatskappye gebruik word, hier van hulp: "Think globally and act locally." Hiermee word gewoonlik bedoel dat alles wat op internasionale vlak gebeur, van kennis geneem moet word, erken en benut word. Plaaslik kry dit egter 'n nuwe en unieke gestalte.

Ek wonder oor die waarde van *glokalisering* vir die kerk. Sou dit ons nie baat om van die bedieningsontwikkelings en -toepassings in die res van die wêreld kennis te neem nie? Wat wáár gebeur binne die sosiale ontwikkeling van mense, asook iets soos sekularisasie? Watter antwoorde daar reeds is en *wat* kan ons by *wie* leer. In 'n sekere sin gebeur dit reeds met ons blootstelling binne die web en internasionale publikasies op ons boekrakke. Hierdie rykdom van inligting en ervaring moet kan help.

Die uitdaging is om dit plaaslik te laat werk. "To act locally", is ons uitdaging. In die eerste plek om dit te interpreteer en die onderskeid te kan tref van wat vir my situasie/bediening sinvol en bruikbaar kan wees. In die tweede plek, "to act", om op te tree. Om uit my leunstoel of lessenaarstoel waar ek rustig van alles kennis neem wat reg oor die wêreld gebeur, aan die beweeg te kom, dan op te staan en te doen! Internasionale tendense in die bediening kan geweldig help, maar dit is *ons* wat dit hier in ons konteks, in Afrika laat grondvat.

Wat gaan jy vandag doen...?

Tot ons volgende saamsit in Sy koelte...

Gerhard Botha



## VBO-VOETPAD

**22 SEPTEMBER 2014: Kategese:** Die *Smartieboksie* van die kerk

**Aanbieders:** Jan Lubbe, Lyzette Hoffman en Gideon van der Watt

**Plek:** UV, Teologiese Fakulteit, Kamer 120

**Tyd:** 09:00 – 13:00

**VBO-punte:** 5

**Registrasie:** SMS D57282 en u naam na 31029

**26 SEPTEMBER 2014: 3rd INTERNATIONAL CONFERENCE OF MISSIOLOGY**

**Tema:** Eschatology: Life after death

**Waar:** UV, Teologiese Fakulteit, Kamer 120

**Tyd:** 09:00 – 17:00

**VBO-punte:** 10

**Kontakpersoon:** Prof Pieter Verster, 051 401 2972

**1 – 3 OKTOBER 2014: FRESH EXPRESSIONS**

**Sameroeper:** Nico Mostert

**Plek:** Drakensville

**VBO-punte:** 20

**Verdere inligting sal later bekend gemaak word.**

**10 – 12 NOVEMBER 2014:**

**KURSUS IN BEDIENINGSVERNUWING:**

**Module 3:** *Dit gaan oor God! – Maar nie sommer enige God nie... Die Triniteit, Missio Dei en die plot van die Evangelie*

**Aanbieders:** Rian Venter

**Plek:** NG Gemeente Reitz

**Tyd:** 9:00

**VBO-punte:** 20 per module

**Registrasie:** SMS D25674, u naam en e-posadres na 31029



Like ons op Facebook:  
*Shepherd Centre UFS*

NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.